OOSTELIKE SINODE

familienuus

OOSTELIKE SINODE

VANUIT DIE SINODEHUIS

My bril het verlede Vrydag gebreek – en die oogkundige is eers hierdie week beskikbaar. Dit maak van my iemand wat tans in 'n dowwe spieël kyk en 'n raaiselagtige beeld sien - soos Paulus dit sê in 1 Korintiërs 13:12. Daar is egter hoop: eendag sal ons alles sien soos dit werklik is...
Dit gebeur meer kere dat ons so voel oor die wêreld waarin ons leef: ons verstaan nie hoekom mense mekaar probeer doodmaak nie; ons weet nie wat om te sê as ons 'n kindjie moet begrawe nie; ons het nie antwoorde vir mense wat nie weet hoe verder nie omdat die lewe hulle te hard geslaan het – en so kan ons 'n lang lysie maak. Ons weet daar is altyd mense wat maklike antwoorde gee, geykte oplossings het of eenvoudige verklarings vir baie komplekse sake wil gee. Dikwels word 'n kits-verduideliking oor God ook hier in die pot gegooi. Ons weet dit werk nie so nie. Vir hulle wat swaarkry, bly die beeld dof.

Van my bril-ervaring kan ek sê dat ek weer baie groot waardering kry vir die feit dat ek kan sien. Ek besef dit is nie vanselfsprekend nie. Dis eintlik 'n wonderwerk. Ek dank die Here hiervoor.
En ek bid vir elke kollega wat saam met iemand sit wat sukkel – en eerlik en opreg saam die brilglas vryf met die verwagting om God te kan sien...

gemeentes druk die verval en die lelik terug deur die wyse waarop ons ons kerkterreine mooi maak. Ons lewer daardeur 'n getuienis. 'n Groot DANKIE aan elke koster en eiendomskommissie en vrywilliger wat hierdeur 'n verskil maak!

Francois Retief

GEMEENTES EN LERAARS

Dawie Niewoudt is beroep na **Carolina en Chrisiesmeer** – hulle funksioneer met 'n samewerkings-ooreenkoms. Hy word op 3 Februarie as leraar bevestig.
Edward Kruger van **Amsterdam** het 'n beroep na Merrivale Pietermaritzburg aanvaar. Sy afskeidsdiens is op 11 Februarie.

ALGEMENE SINODE

Dr Nioma Venter volg dr Gustav Claassen op as Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode. Sy begin op 1 Februarie 2024 in die kantoor van die Algemene Sinode in Hatfield, Pretoria.

SINODE SITTING

'n Skrywe oor ons 2024 Sinodesitting is aan gemeentes en leraars gestuur. Ons hou dit by Weesgerus op 7 – 10 Oktober 2024.

KERKBODE



vennoot in die Pretoria-omgewing, CMR Gauteng-Oos, vertel...

Lees artikel

Nog nuus uit die Kerkbode oor een van ons Pretoria-gemeentes, Tygerpoort, se nuwe inisiatiewe

Lees artikel

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

1 MAART 2024

Op 1 Maart word die 94ste Wêreldbiddag vir Vroue in Suid-Afrika gehou. Dié Biddag is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en -kinders wat elke eerste Vrydag in Maart saam 'n gebedsketting in meer as 175 lande vorm. Dit strek oor grense en bind mense uit verskillende rasse, kulture en kerke tot groter onderlinge begrip en toewyding. Die Wêreldbiddag vir Vroue bied vroue wêreldwyd verskeie geleenthede, onder andere om hulle geloof in Jesus Christus te bevestig. Dit bied gelowiges ook die geleentheid om versterk te word deur die geloofservaring van Christene uit ander lande en kulture. Ons geniet dan ook die voorreg om ander se laste te help dra deur saam met hulle en vir hulle te bid.

Die tema word elke jaar deur vroue van verskillende lande gekies. Die tema vir 2024, "Ek dring aan ... Verdra mekaar in Liefde", is gekies deur die vroue van Palestina. Kom ons as vroue neem die inisiatief om op 1 Maart by die werk, skool of in ons gemeente tyd af te staan om saam met vroue van oor die wêreld te verenig in gebed.
(In ons land is daar ook die beweging onder mans. Daarom word op die eerste Saterdag van Maart die Wêreldbiddag vir Mans aangebied)

2024 PROGRAM | 2024 RIGLYNE | GESKIEDENIS

TOERUSTING VIR KLEINGROEPE

Ons plaas vir oulaas Manie Groenewald se inligting oor die opleiding vir kleingroepe:

hieroor gereflekteer. Wel, die antwoord is eintlik baie eenvoudig as jy Hand. 5:42 lees... “en hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie.”

Behalwe vir onderrig in die tempel – vandag ons kerkgeboue op Sondae – was mense in huise onderrig. Behalwe vir die onderrig, is omgee vir mekaar (waaroor daar talle NT-tekste is) en gesamentlike uitreik na die gemeenskap en wêreld ononderhandelbaar vir Christengelowiges. Kleingroepe bied `n uiters relevante en noodsaaklike lewensaar binne gemeentes vir onderrig, opbou en uitreik. As mense traag is om in huise te ontmoet, moet ons hulle aktiveer! As lidmate skerm dat hulle te besig is hiervoor, dan ís hulle eenvoudig té besig en moet ons hulle help om te herprioritiseer, want GEESTELIKE GROEI gebeur VEEL MEER IN SIRKELS AS IN RYE in `n kerkgebou.

Die Versnel-werkswinkel sal gemeentes help om oor `n tydperk van 18 maande hul kleingroepe in die gemeente te aktiveer/herorganiseer, te prioritiseer en te belyn met die groter roeping as gemeente van Christus in en vir die wêreld.

Verdere inligting

GELOOFSREIS MET GYS VAN SCHOOR

Heelwat van ons kollegas het voorheen hierdie reis saam met Oostelike Sinode en Sinode Goudland onderneem – met baie goeie getuienis daaroor. Hoëveld Sinode bied dit nou weer aan – en hulle nooi ons om dit saam met hulle te doen. Besonderhede is hieronder.

Doel? Om jou te begelei om dieper met Jesus en met jouself om te gaan. Dis 'n proses van drie jaar waar jy twee retreats per jaar bywoon. Hierdie dieper transformasie is die sleutel om dissipelskap in jou gemeente nuwe diepte te gee.

Waar? ATKV Buffelspoort: 19-22 Februarie en 5-8 Augustus 2024

Koste? Februarie se koste is R3200pp, vir egpare R3000pp Die koste van retreats kan varieër met inflasie. Sluitingsdatum is 9 Februarie 2024

Skakel so gou as moontlik om plek te bespreek by Jaco Schoeman (082 411 4080) / Frans Burger (079 524 3864) / Etienne Pheiffer (0824521468)

TOIBO

Buitengewone Onderwys. Hulle kinders benodig ons hulp...

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat van 30 Januarie tot 12 Februarie verjaar.

PREDIKANTE
3 Februarie – Theo Homann
3 Februarie – Jorrie Potgieter
4 Februarie – Lizari Dippenaar
10 Februarie – Elzeth Pienaar
11 Februarie – Marco la Grange
12 Februarie – Julian Olivier

EMERITI
3 Februarie – Piet Marais
4 Februarie – Jan Coertze
4 Februarie – Malan Nel
5 Februarie – Christo Woite
6 Februarie – Kobie Fourie
6 Februarie – Roelf van Niekerk
8 Februarie – Jan Bisschoff
9 Februarie – Pieter Badenhorst

GEMEENTES
Geen.

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

Onthou asseblief om die inligting op ons webwerf te benut. Daar is inligting oor personeelsake, finansiële dokumente, gemeentes se besonderhede en baie meer.

Ons webtuiste

OOSTELIKE SINODE

Copyright (C) 2024 Oostelike Sinode. All rights reserved.

Our mailing address is:

Want to change how you receive these emails?

You can update your preferences or unsubscribe

INTUIT mailchimp